

21 Februarie

Oë wat reg werk, help jongmense om die eise van die lewe raak te sien

Skrifgedeelte: Spreuke 4:10-27

Fokusgedeelte: Spreuke 4:25

Dat mense net één paar oë het, en dat hulle voor in die kop sit, is betekenisvol. Sekere insekte, soos skoenlappers en spinnekoppe, wat honderde oë het, kan bykans in alle rigtings kyk. Springhase en verkleurmannetjies se oë is weer langsaan hulle koppe.

Die oë wat voor ons kop sit, noodsaak ons om reguit voor ons uit te kyk (Spr 4:25). Wat word hiermee bedoel? Hiermee word gesê dat gelowige jongmense doelgerigte mense is en nie toelaat dat allerlei sake hulle aandag aftrek nie. Twee verkeerde maniere van kyk, laat ons struikel:

- Sekere jongmense kyk gedurig *terug* oor hulle skouers. Om die hele tyd terug te kyk, laat mense die pad byster raak. Prestasies het dikwels die uitwerking in ons lewens, veral indien ons nie leer om dit reg te hanteer nie. Daar word oor die skouer geloer, so al asof daar gesê word: *Knap gedaan, ou maat!* Moenie so terugkyk dat jy nie die gevare voor jou kan raaksien nie.
- Sekere jongmense wil gedurigdeur *rondkyk*. Groepsdruk en wat ander mense van my dink, word so belangrik dat ek mettertyd vergeet van my geloofsbeginsele. Wanneer dit gebeur, verloor mense vastrapplek. Die hoofpad van die Bybel word verruil vir allerlei kort- of afdraaipaadjies. Indien die afdraaipad die beste was, waarom het die hoofpad dan nie daarlangs geloop nie? Die Bybel leer ons dat daar net een pad is, en dit is die hoofpad wat Jesus Christus deur sy offer vir ons ingewy en oopgestel het, die pad na die Vader toe.

Om jou oë reg voor jou te hou, verg konsentrasie. Ons is op pad om die Here te ontmoet. Aan die einde van die lewensreis wag Hy op ons.

Sing: Psalm 121:1 (2001 Cloete-omdigting)

Dr. FP Kruger (Alberton-Wes)